
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

VYANDE VAN ONS GELOOF

VREES

Vrees is een van ons geloof se grootste vyande! Vrees is inderdaad "die duiwel se geloof", omdat dit Satan aktiveer. Dit gee aan hom die reg om te beweeg, want deur ons vrees verklaar ons in werklikheid God se onvermoë in 'n situasie. Ons kan nie God vertrou en terselfdertyd bevrees wees nie. Ons kan nie God vertrou en terselfdertyd vreesbevange wees nie; die twee kan nie tegelykertyd gebeur nie. Ons sien in die Bybel dat Jesus so baie keer gesê het en by so baie geleenthede; "MOENIE VREES!" of "VREES NIE!" Daar was die verslag toe Hy die dogter van Jaïrus uit die dood opgewek het, ons lees dit in **Mark. 5:22-43: En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer en smeek Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe. En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring. En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak; want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word. En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was. En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak? En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak? Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het. Die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid. En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees. Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig? Maar dadelik, toe Jesus die woord hoor wat gespreek is, sê Hy vir die owerste van die sinagoge: <u>Moenie vrees nie</u>; glo net. En Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus. En Hy kom in die huis van die owerste van die sinagoge en sien 'n rumoer: mense wat baie ween en huil. En toe Hy binnegaan, sê Hy vir hulle: Waarom gaan julle so te kere en ween julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap. En hulle het Hom uitgelag. Maar Hy het almal uitgedryf en die vader van die kind saamgeneem en die moeder en die wat by Hom was, en ingegaan waar die kind lê. Toe gryp Hy die hand van die kind en sê vir haar: Talita, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op! En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas. En Hy het hulle met nadruk beveel dat niemand dit moes weet nie, en gesê dat daar vir haar iets te ete gegee moes word.**

Jesus het geweet dat dit noodsaaklik was dat Jaïrus nie sy geloof verloor in Sy vermoë om sy dogter te genees nie, selfs toe die

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

nuus hom bereik het dat sy dogter dood was, dus sê Hy vir hom: **"Moenie vrees nie, glo net!"** En omdat Jaïrus nie gevrees het, selfs toe die vernietigende nuus vir enige ouer hom bereik het, was dit vir Jesus moontlik om sy dogtertjie op te wek. Vrees sal ons geloof vernietig en ons van God se seën, Sy wonderwerk in ons lewe beroof.

ONGELOOF EN TWYFEL

Jesus het altyd die sonde van ongeloof bestraf wanneer dit teenwoordig was. Twyfel en ongeloof is 'n mosie van geen vertroue in ons Magtige God! Ongeloof maak dat ons gebede nie verhoor word en is totaal onproduktief!

Jak. 1:6-8: Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie-- so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë. God sê vir hulle wat dubbelhartig is om hul harte te reinig!

Jak. 4:8: Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, *julle* sondaars, en suiwer die harte, *julle* dubbelhartiges!

Die Here is by magte om enigiets wat vir die mens onmoontlik lyk te doen, maar ons moet in die geloof aanhou glo en bely dat dit so is, totdat dit gebeur. **Heb. 10: 23: Laat *ons* die belydenis van die hoop (geloof) onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, *is* getrou.**

Solank Petrus nie in Jesus getwyfel het, toe Hy hom geroep het om op die water te loop, het hy gevind dat hy bo-natuurlik op die water na die Meester geloop het, maar toe hy die wind en golwe sien het hy begin twyfel en sy twyfel het veroorsaak dat hy begin sink het.

Matt. 14: 26-31: En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook! En hulle het geskreeu van vrees. Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie. En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom. En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan. Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my! En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: <u>Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?</u>

Dit is twyfel en ongeloof wat ons sal weerhou om vir die siekes te bid en God vir 'n wonderwerk te glo, soos ons deur Jesus beveel is om te doen volgens Mark. 16. Hy het Sy dissipels berispe vir hulle ongeloof toe hulle nie 'n demoon uit 'n kind kon dryf nie.

Matt. 17:16-20: En ek het hom na u dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie. Toe antwoord Jesus en sê: O Ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My. Daarop bestraf Jesus hom; en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af. Toe kom die dissipels na Jesus afsonderlik en sê: Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.

Ons lees in die Woord dat Jesus Self geen magtige werke in Nasaret, sy tuisdorp, kon doen nie, omdat die mense nie geglo het Wie Hy was, of in Sy vermoë nie. **Matt. 13:58: En Hy het daar vanweë hulle ongeloof nie baie kragtige dade gedoen nie.** God beskou enige vorm van ongeloof in Hom as sonde, as boos.

Heb. 3:12: Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie.

Dit was die sonde van die Israeliete in die Ou Testament, wat veroorsaak het dat hulle nie die seëninge en beloftes verkry het wat God vir hulle bedoel het nie. **Heb. 3: 18 – 19: En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.** Dit was vir hulle onmoontlik om die Beloofde Land binne te gaan, die plek van rus, Sy volmaakte plek vir hulle om Sy plan en doel vir hulle te ondervind. En dieselfde waarheid geld vandag nog vir ons. **Heb. 4: 6 en 11: Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie. Laat ons, ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.**

Paulus vermaan Timotheus deur te sê: **Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en <u>twis</u> (Eng. vertaling <u>doubting</u>) (1 Tim. 2:8).**

Jesus het vir Martha, die suster van Lasarus gesê dat sy nie moet twyfel nie, maar dat sy in God moet glo, en ons lees Sy versekering aan haar in Joh. 11:40: **Jesus sê vir haar:" Het Ek nie vir**

(Vervolg op Bl. 3)

jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?" Sy het geglo en die heerlikheid van God gesien toe Jesus vir Lasarus opgewek het uit die dood, wat vir vier dae dood was. Niks, niks, niks hoegenaamd is vir ons God onmoontlik nie, as ons net kan glo en nie twyfel nie! Die bekendste verslag oor "twyfel" in die Bybel is verseker die van Thomas, een van Jesus se twaalf dissipels. Die dissipels wat Jesus gesien het na Sy opstanding uit die dood het dit opgewonde aan Thomas vertel, en alhoewel Thomas gedurende die drie jaar met Jesus as Sy dissipel, deur Jesus Self vertel is dat dit sou plaasvind, het nie geglo nie.

Joh. 20:25-29: Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie. En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle! Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig. En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God! Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.

Hoe duideliker kan Jesus dit nog vir ons maak? Wanneer ons in Hom glo en die werke wat Hy doen sonder dat ons Hom gesien het, sal Hy ons uitermate seën.

ONKUNDE VAN GOD SE WOORD

As ons onkundig is oor wat die Woord van God ons leer aangaande 'n bepaalde probleem, sal dit ons geloof ondermyn wanneer ons bid vir 'n antwoord vir 'n situasie. Die teenoorgestelde is wanneer ons seker is oor wat die Woord sê, dan kan ons met sekerheid en in geloof bid. Ons gaan terug na Romeine 10:7 wat vir ons sê dat geloof deur God se Woord kom. Jy sien, deur kennis van die Bybel, leer jy jou Hemelse Vader ken en wat Sy wil is, EN HIERDIE KENNIS VERYDEL EN WEERSPREEK ALLE TWYFEL EN ONGELOOF! Iemand wat kennis van 'n sekere situasie het WEET alles daarvan en is daarom bevry van alle twyfel. Dit is wanneer jy nie weet of seker is, dat jy in jou hart twyfel en jou "geloof" word net ydele woorde gespreek in "hoop" eerder as ware sekerheid in jou hart.

Mense kom dikwels na die Sentrum vir gebed, en gee voor dat hulle gelowiges is. Wanneer gevra word wat hulle glo aangaande siekte en God se genesende krag, is hul antwoord, "Ek weet dat God my KAN genees, maar is dit Sy wil om my te genees?" Ons ontdek twee belangrike feite uit die verklaring, eerstens dat hulle nie geloof het omdat hulle nie die sekerheid het wat saam met die kennis gaan dat dit God se Wil is om te genees en tweedens dat hulle nie lering het nie, omdat hul antwoord aandui dat God begeer om net somtyds en sekere mense te genees. As dit waar was, en dit is nie, hoe kan enigeen die nodige geloof hê om genesing van God te ontvang?

Hierdie mense ken klaarblyklik nie wat die Bybel aangaande siekte sê nie of hulle is onderrig met leringe van mensgemaakte tradisies, en glo my, hierdie tradisies het baie mense regdeur hul lewens gevange gehou! As hulle die Bybel geken het, sou hulle God se wil oor siekte geken het, omdat GOD SE WOORD SY WIL IS en dit VERANDER NOOIT! En Sy geopenbaarde Wil in Sy Woord is dat dit Sy begeerte IS om almal te genees.

Ek het dikwels gehoor dat Christene na ander, wat 'n behoefte aan gebed vir siekte het, verwys as "ware gelowiges", tog faal hulle skandelik wanneer dit kom by wat hulle presies "glo" of wat God se Wil **werklik** is volgens Sy Woord! Jy kan nou verstaan waarom die Here in **Jak. 1:6 – 8** sê: **Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie-- so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.** Laat ons weereens na Rom. 10:17 kyk: **Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.**

Laat ek jou verseker dat die Hemel en Aarde verby sal gaan voordat een jota of titel van God se Woord verby sal gaan. Die hele Bybel is vandag nog relevant, moet dus nie verkul word deur die hedendaagse fout nie. Vader God begeer om daagliks met Sy kinders gemeenskap te hê en aan hulle 'goeie gawes ' te gee, netsoos Hy ook Geestelike gawes aan Sy Liggaam gee om dit aan te moedig en te vestig. Die waarheid is verseker steeds van toepassing vir vandag en daar is geen plek in die Bybel waar daar aangedui word dat wonderwerke of die Gawes van die Heilige Gees opgehou het om te bestaan nie of net vir 'n sekere tydperk bestaan het sodat die Vroeë Kerk gevestig kon word nie.

Deur die Waarheid van God se Woord te ken, sal jy die leuens kan onderskei van godsdienstige, mensgemaakte kerk leerstellings wat in baie kerke geleer is en wat misleidend is en twyfel en

ongeloof veroorsaak. Jy mag sommige van die leuens herken: " die Here het 'n siekte op jou geplaas om jou 'n les te leer" of " die Here het jou nie lief genoeg om jou te genees nie omdat jy 'n te groot sondaar is" of "die Here wil jou as 'n voorbeeld vir ander gebruik om hulle te wys hoe 'n ware Christen lyding verdra ". Sy Woord sal jou wys dat sulke lering of begrippe van die mens nie in lyn met Sy Wil is nie!

TEKORT AAN GEDULD EN LYDSAAMHEID

Dit is uiters noodsaaklik om wanneer jy gebid en God geglo het vir die antwoord op jou gebed, dat jy sal vashou aan die belydenis van jou geloof! Ons lees in Hebreërs die bevestiging van hierdie belangrikste waarheid: **Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry (Heb. 10:35 -36).** Dit word in vers 23 van Heb. hoofstuk 10 herhaal: **Laat *ons* die belydenis van die hoop (Eng. Vertaling is Geloof) onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, *is* getrou.**

Blywende geloof verkry altyd belonings, want God eer ons volgehoue en getroue vertroue in Hom! En die geloof is sigbaar deur ons dade en woorde. In 1 Tim. 1:19 lees ons: **"En aan die geloof en 'n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely."** Die "amplified bible" sê: **"Keeping fast hold on faith (that leaning of the entire human personality on God in absolute trust and confidence) and a good, (clear) conscience. By rejecting and thrusting from them (their conscience), some individuals have made shipwreck of their faith".** Die gedeelte in hakies is so 'n uitstekende beskrywing van sterk en blywende geloof in God: **"die steun van die hele menslike persoonlikheid op God in volkome vertroue en sekerheid ".** Wanneer ons daardie soort vertrouende verhouding met ons Hemelse Vader handhaaf, sal daar beslis geen plek hoegenaamd vir enige twyfel wees nie! Wanneer ons onsself in 'n situasie bevind wat die beoefening van geloof vereis, moet ons ook geduld beoefen en deur dit te doen sê die Woord van God vir ons dat ons daardeur volmaak word. **Omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie (Jak. 1:3-4).** 'n Kind of onvolwasse persoon wil iets wat hulle begeer dadelik hê, onmiddellik omdat hulle nie kan wag nie; terwyl 'n volwasse persoon geduld en selfbeheer beoefen, twee van die vrug van die Gees wat God begeer om in ons lewens te manifesteer. Hulle is karaktertrekke van ons Hemelse Vader en ons moet nabootsers van Hom wees.

ONS EIE VOLDOENDHEID

Dit is baie duidelik dat diegene wat die meeste geloof het, nie die middele het om dinge vir hulle te laat gebeur nie. Die rykes kan hul rykdom gebruik om enigiets te koop wat hulle nodig het. Aan die ander kant egter, moet die armes God meer dikwels vertrou en in meer omstandighede om in hul behoeftes te voorsien. Ons lees in **Jak. 2:5: Luister, my geliefde broeders--het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie?** God begeer dat ons, ons behoeftes aan Hom bekend moet maak, eerstens omdat Hy ons Hemelse Vader is en wil hê dat ons Hom as ons Voorsiener erken, en tweedens omdat Hy dan al die eer en lof ontvang wanneer in hierdie behoeftes voorsien word. Dit is so maklik om onafhanklik van God te raak wanneer ons die middele het om self vir die situasie te sorg. Dikwels probeer die sieke eers elke mediese hulp moontlik, voordat na die Here gegaan word, hul Geneser, met hulle fisiese behoefte, as jy egter nie die finansies het om dit te doen nie, gaan jy reguit na Hom in gebed. Daar bestaan die gevaar van "self genoegsaam" te raak as 'n kind van God, omdat die " maat " van geloof daaronder sal ly. Ons moet al ons behoeftes in geloof na die Here in gebed neem, sodat wanneer ons die Hand van God sien beweeg om ons ontwil, ons Hom die Lof gee en die vreugde ondervind van 'n beantwoorde gebed!

DIE WOORD VAN GELOOF.

Rom. 10:8: **Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig.**

God sê vir ons hier dat Sy Woord in ons hart en mond is! "Uit die oorvloed van die hart, spreek die mond!", vertel die Woord vir ons in Matt. 12:34. Dit is waarom ons God se Woord in ons hart moet hê, ons hart moet gevul wees met God se Woord, dan sal dit voortkom uit die mond en sal dit die Woord van Geloof wees! In Mark. 11:23 sê Jesus: **..... elkeen wat vir hierdie berg <u>sê</u>: Hef jou op en werp jou in die see--en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy <u>sê</u>, sal gebeur--hy sal verkry net wat hy <u>sê</u>.** Rom. 10:9-10: **As jy met jou mond die Here Jesus bely**(sê) **en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die <u>mond</u> bely ons tot redding.**

In hierdie twee skrifverse wys God vir ons baie duidelik dat die belydenis van ons mond deel is van ons bekering en verlossing, omdat ons glo dat Jesus uit die dood opgewek is en ons Hom as Here bely. Dit is waarom daar geen geheime gelowiges in die Here Jesus as Verlosser is nie, omdat ons moet VERTEL wat die oortuiging in ons hart is aangaande Jesus Christus, die Seun van God. In Matt. 10: 32 lees ons: **Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.** Hierdie bevel wat God uitgevaardig het om ons siele te red is die sleutel om God se seëninge vir elke aspek van ons lewe te ontvang! Dat jy met jou **hart glo** en met jou **mond bely** (spreek). Dit is met die hart, ons innerlike gees mens wat ons glo – God se Woord glo, God se beloftes, NIE MET ONS INTELLEK OF VERSTAND nie omdat ons intellek deel is van ons fisiese mens wat wil sien voordat hy sal glo.

Laat ons die belangrike faktor oordink wat 'n negatiewe invloed op die oorwinning in ons lewens sal hê, die oorvloed wat Jesus gekom het om vir ons te gee volgens Joh. 10:10. Baie wedergebore gelowige kinders van God is onbewus van hul vernietigende woorde wat presies oordra wat werklik in hul harte is. Ek verwys nie na vloek en swak taal gebruik nie, alhoewel onthouding daarvan vanselfsprekend is, soos die Woord ons in Ef. 4:29 vertel. Die vernietigende gesprek waarna ek verwys, is die gesprek wat vrees, twyfel, ongeloof ens. openbaar!!

Ons Hemelse Vader wil net die beste vir Sy kinders hê, omdat Hy ons so liefhet, ons moet hierdie waarheid erken en dit betuig! Jy is 'n oorwinnaar in Jesus. Jy is 'n gelowige en nie 'n twyfelaar nie. Jy het die maat van geloof wat kan groei tot waar dit berge kan verskuif. Laat ons 'n kwaliteit besluit neem om Satan se woorde (leuens) van ontmoediging en nederlaag uit ons woordeskat te verwyder. Hy wil hê dat ons onsself aanhoudend moet afbreek deur te sê hoe swak en oorwonne ons is, omdat dit 'n gebrek aan vertroue in ons Here aandui. Ons woorde van dood is beslis nie 'n getuienis van die oorwinning wat Jesus aan die kruis op Golgota vir ons verkry het nie. Kol. 2: 15 sê: **Nadat Hy** (Jesus) **die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.** (Die Kruis).

Hy het Satan en al sy demoniese magte aan die kruis oorwin, nou kan ons, ons koppe hoog hou. Onthou dat ons deur ons murmurering, klagtes, gekerm en ongeloof Sy Offer minag! Jy is 'n nuwe skepping; Vader God het jou nuut gemaak toe jy Sy kind geword het (2 Kor. 5:17). Die Bybel sê vir ons in Fil. 4:13: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.**

Maak nie saak wat jou omstandighede op hierdie oomblik is nie, jy moet weet dat jou Hemelse Vader vir jou voorsiening in Sy Woord gemaak het om vir jou te onderneem en die genesing of die oplossing van jou probleem te gee. Spreek woorde van gesondheid en genesing, van voorsiening en liefde, vrede en vreugde en gee geen plek aan Satan se woorde van nederlaag nie. Salomo, die wyse het in Spreuke 18 : 21 gesê: **Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.**

Onthou egter om nooit God se Woord met 'n bygelowige motief te gebruik nie, as 'n ritueel of 'chant' (sing-praat). Jy moet in jou hart WEET en GLO wat jy bely; anders word dit "Positiewe Belydenis", wat 'n denk wetenskap is en onbybels is. Jou deklarasie van God se beloftes moet 'n verklaring van jou vertroue in God en Sy onfeilbare Woord wees, wat vloei uit 'n hart wat gevul is met vertroue en geloof in Hom alleen! Sy Woord sal altyd jou geloof opbou, en jou geloof sal altyd Sy hart bereik en veroorsaak dat vir jou opgetree word.

GELOOF DEUR GEHOOR

Rom. 10:17: **Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.** Ons keer weer terug na hierdie vers omdat dit ook spreek van hoe ons **hoor** of waarna ons luister. Luk. 8 :18 waarsku ons, **pas dan op <u>hoe julle hoor</u>; want elkeen wat het, aan hom sal gegee word; en elkeen wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy dink dat hy het.**

Jesus waarsku in Matt. 24:4: **Pas op dat niemand julle mislei nie.** Ons moet versigtig luister, omdat as ons verkeerd hoor, mag ons dit verbeur, veral op geestelike vlak.

Dit is van die uiterste belang om aandag te gee aan hoe ons hoor, en waarna ons luister want ons kan 'n oorwinnende lewe misloop deur nie versigtig te luister nie! Weier om na enigiets te luister wat jou gees sal besoedel. Moenie na skinderstories luister nie, en moenie alles glo wat jy hoor nie; toets die gees en moenie mislei word nie; en wanneer dit deel is van geestelike dinge, wees ekstra versigtig en beoordeel dit volgens die Bybel. Die Bybel gee aan ons duidelike bevele aangaande die belangrikste aspekte van ons lewens en Sy Woord is finaal oor die saak! **GOD HET DIT GESê, EK GLO DIT EN DIT BEKLINK DIT!**

GENESING

Jes. 53:4-5: Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte--dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat

geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Matt. 8:17: sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: "Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra ".

Matt. 8:2-3: En daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: "Here, as U wil, kan U my reinig ". Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: " Ek wil; word gereinig!" En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.

Mark. 16:15-18: En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

'n GESEËNDE HUWELIK

Dit is altyd God se wil dat ons huwelike geseënd moet wees. God haat egskeiding.

Ef. 5:22-33: **Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.**

ONS BEHOEFTES

Dit is altyd God se Wil dat ons voldoende sal hê om van te lewe, fisies en geestelik.

Fil. 4:19: En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.

REDDING VAN SIELE

Dit is altyd God se Wil dat mense gered moet word.

2 Pet. 3:9: Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

Kol. 1:13-14: Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

Bogenoemde is voorbeelde uit God se Woord wat Sy Wil aangaande sekere onderwerpe uitdruk wat ons daaglikse lewens beïnvloed. Daar is natuurlik baie meer en ons moet Sy Wil daaroor ook ken. Die kennis van Sy Woord en Wil voorkom dat ons 'n gebed bid en dan die woorde byvoeg: "As dit U Wil is", wanneer ons bid vir dinge wat Hy reeds in Sy Woord as Sy Wil geopenbaar het! Om aanhoudend in elke gebed van ons by te voeg "as dit U Wil is" sê ons eintlik, "God ek ken nie werklik U Woord aangaande waarvoor ek U vra nie, dus is ek nie seker wat ek glo nie ". Wanneer ons egter WEET wat God se Wil aangaande 'n sekere situasie is, kan ons bid VOLGENS SY WIL en seker wees dat Hy ons hoor netsoos **1 Joh. 5:14** met reg vir ons belowe. HIERDIE KENNIS VAN SY WIL VUL ONS MET DIE NODIGE GELOOF WAT ONS IN STAAT STEL OM MET DAPPERHEID TE BELY DAT ONS GELOWIGES IS OMDAT ONS WEET DAT ONS GLO!

Een van die belangrikste waarhede wat in God se Woord gevind word aangaande geloof is die stelling wat Jesus aan Petrus gemaak het in Luk. hoofstuk 22. Dit is 'n grondige Bybelse beginsel wat dikwels nie opgemerk word deur diegene wat die storie oorvertel, en tog is dit noodsaaklik, inderdaad is dit beslissend dat ons die waardevolle les wat dit leer verstaan. Ons lees in **Luk. 22: 31-32: En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.**

Jesus het geweet dat Petrus onder Satan se aanval sou kom en Hy het hom gewaarsku dat dit sou plaasvind. Jesus het gesê dat Satan hom wou bykom en "hom soos koring sif", en met die kennis, let op Jesus se gebed vir Petrus, Hy het gesê, "Ek het

gebid, dat jou geloof nie ophou nie!" Dit was die heel beste gebed wat Jesus vir Petrus in die omstandighede kon bid! Dat sy geloof nie sou ophou nie! Ek is seker dat as daar enigiets meer was wat Jesus kon gedoen het om Petrus te kon red om soos koring gesif te word deur Satan, Hy dit sou gedoen het, of enige beter gebed dat Hy dit sou gebid het, maar Hy het geweet dat dit slegs Petrus se eie geloof was wat hom in die situasie kon red! Daardie oplossing bly dieselfde vir ons vandag wanneer Satan kom om jou te "sif" , begeer om jou te vernietig op enige manier wat hy beplan het, Jesus sê vir jou, "Ek het gebid dat jou geloof nie sal ophou nie ". Dit is nie net 'n **goeie** gebed nie, maar is die **beste** gebed wat Jesus vir jou kan bid! Hy weet, as ons Intersessor, dat as Hy die gebed vir my en jou bid in ons tye van beproewing, dit verseker sal gebeur. Die Bybel vertel ons dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu om te soek wie hy kan verslind, en ons geloof moet noot faal wanneer ons onder sy aanval is nie (1 Pet. 5:8). Dit is ons geloof wat die geveg sal wen, Petrus s'n, myne en joune, en Jesus het ons daardie belangrike waarheid geleer.

SLOTSOM

Elke seën in ons lewe kom van Vader God in die Naam van Jesus, deur geloof. Daar is niks duideliker in die Bybel as dit nie; dat ons GELOOF (vertroue) in God moet hê en deur geloof moet wandel en nie deur aanskouing nie! Dit is duidelik dat mens van die Here ontvang VOLGENS SY GELOOF, en ons geloof is baie kosbaar vir Hom, dit is waarom dit getoets en beproef word terwyl ons hier op aarde is volgens die Woord wat sê: **Sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus; vir wie julle, al het julle *Hom* nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap, en die einddoel van *julle* geloof, die saligheid van julle siele, verkry (1 Pet. 1: 7 - 9).**

Op daardie groot en ontsagwekkende dag wanneer ons Jesus van aangesig tot aangesig sal sien, en ons die eindresultaat van ons geloof ontvang wat ons finale verlossing sal wees, om met Hom vir ewig te wees! Hoe sal ons dan nie juig, wetende dat ons geloof nie tevergeefs was nie! Laat ons daarom in ons hart voorneem om getrou en gevul met geloof te bly tot daardie wonderlike dag. Jesus het in **Luk. 18: 8** gesê: **.... Maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?** Mag ons antwoord "Ja Here!" wees. " Ek het U in die verlede vertrou, ek vertrou U nou en sal U regdeur die Ewigheid vertrou! My geloof is in U Here!"

Skatkis

Want Hy sal oorgelewer word aan die heidene en bespot en mishandel word, en op Hom sal gespuug word; en nadat hulle Hom gegésel het, sal hulle Hom doodmaak; en op die derde dag sal Hy opstaan. Maar hulle het niks hiervan begryp nie, en hierdie woord was vir hulle bedek, en hulle het nie verstaan wat gesê is nie (Luk. 18;32-34).

Wanneer ons na Jesus gaan kan ons nooit ten volle Sy waarheid dadelik vasgryp of verstaan nie. Dit is 'n proses.

Jesus, in Sy wysheid, openbaar dinge geleidelik aan ons wanneer ons reg is om dit te ontvang. Dit raak 'n waarheid in ons gees soos Hy dinge oor onsself sagkens uitwys wat ons moet bely of 'n geestelke waarheid leer wanneer ons dit kan verwerk. Hy is die wyste Leermeester van almal, neem ons deur sigbare lesse, om Sy Woord weereens van krag in ons lewens te maak en ons geloof in Hom laat groei!

Dit het ook met die dissipels gebeur. Indien hulle ten volle die gruweldaad sou besef waarvan Jesus hulle vertel het dat Hy moes deurgaan; sou hulle nie by magte gewees het om daarmee te deel nie. God, in Sy genade, het die volle impak wat sou kom van hulle weerhou. Hy het hulle deur hul tyd van verwarring en angs gelei totdat die volle prent sigbaar geword het en hulle het uitgegaan as onverskrokke getuies, gevul met Sy Gees.

Soms het ons 'n gevoel van waar God ons wil hê en wat Hy wil hê dat ons moet doen, maar tussen die visie en die verwesenliking daarvan, is daar 'n proses. Voorbeelde van wie dit ondervnd het is Josef en Abraham.

Jesus ken ons beter as wat ons onsself ken, daarom kan ons Hom vertrou om elke stukkie van die legkaart in sy plek te sit soos ons groei waarvoor Hy ons bestem het!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is:

stangerchristiancentre@gmail.com

Ons Bankbesonderhede

Stanger Christian Sentrum,

Eerste Nasionale Bank, 53730091667,

Kode: 220129 (Stanger)

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Reg aan die begin van die mensdom se geskiedenis, toe die mens vir die eerste keer aan God verwant geraak het, was hul verhouding so eenvoudig. Daar was nie 'n klomp godsdienstige rituele en toebehoorsels nie. Henog het net "met God gewandel" (Genesis 5:22 en 24). Soos ons verder in die Bybel gaan, ontmoet ons die groot vader van die geloof, Abraham met sy eervolle titel, wat "vriend van God" was (Jak .2 :23). Hy en God het net eenvoudig mekaar se geselskap geniet.
Ons behoort almal te begeer om weg te kom van al die teologie en al die godsdienstige formaliteite en net 'n verhouding te hê deur God se vriend te wees – met Hom te wandel en Sy geselskap te geniet. Ek glo werklik dat God baie daarvan hou om deur Sy mense geniet te word.
Soms raak ons so besig met wette en wettiesheid en doktrine, dat ons God in die midde van dit alles uit die oog verloor. Ons kom in die middel van die woud waar ons net bome kan sien. Ons kan nie meer die hele prent sien nie. Dan, moet ons uit die woud kom, en 'n vars uitkyk rondom kry en besluit om ons prioriteite aan te pas.

Die wonderlike waarheid, dat ons 'n God wat Lewendig is dien, is dat elke dag nuut met Hom is en bring saam met dit vars verwagting van Sy Groot goedertierenheid, genade en vermoë wat deur Sy wonderlike dade aan ons gedemonstreer word. Ons stem saam met Jeremia se siening in Klaagliedere hoofstuk 3:22 en 23: **"…. Want Sy barmhartighede het geen einde nie; hulle is elke more nuut; U trou is groot."**
Dit beteken dat elke oggend, ons as Sy kinders kan uitsien na ons gemeenskap en wandel met ons Liefdevolle Hemelse Vader met opwinding en sekerheid dat "hierdie" dag goeie en wonderbaarlike gebeurtenisse sal inhou.

Ons behoort 'n gesindheid aan te neem om meer en meer, elke nuwe dag, bewus te wees van Sy seëninge en goedheid vir ons, en Hom dan daarvoor met dankbare harte te loof! As ons dit 'n gewoonte maak sal ons meer sensitief word vir selfs die kleinste van Sy seëninge en voorsiening, en harte vol vreugde en danksegging ontwikkel.
Hierdie gees van lof en verwagting sal nie net ons verhouding met ons Hemelse Vader versterk nie, en ere aan Hom en Sy Seun Jesus bring nie, maar sal ook 'n rippelende effek hê deur die lewens van andere om ons, in ons huise, werksplekke en selfs plekke wat ons dikwels besoek aan te raak.
God bewoon die lofsange van Sy mense, dus terwyl ons 'n gees van lofprysing in ons lewens koester, kan ons seker wees dat God elke minuut van elke dag met ons is!! Hou dit in gedagte! Ons kan dan verseker wees van die teenwoordigheid van 'n Lewende God wat besig is om ons te lei en te onderneem hierdie einste dag en elke nuwe dag.

Nogmaals baie dankie aan almal wat saam met ons vir die behoeftes van kosbare mensies elke oggend om 7-8 uur bid, terwyl ons brood breek en die dood van Jesus in herinnering bring. Die gebede van God se regverdiges het groot krag en die getuienisse wat ons ontvang getuig hiervan. Baie dankie vir julle briewe en getuienisse tot eer van God, en baie dankie ook vir julle waardevolle ondersteuning vir die werk van die Here wat vanaf die Sentrum voortgaan.
Mag die Here elkeen van julle ryklik seën, en mag elke nuwe dag vol wees van die vreugde en seëninge wat Sy teenwoordigheid in ons lewens sal bring, terwyl ons meer en meer bewus word van Sy groot liefde vir ons.

Baie liefde groete

Meg en die Gebedspan